

## Jeugdag: Ons moet wegdoen met (anti-)sosiale media

Tian Alberts\*

Indien daar enige iets is wat ons geleer het in die nadraai van *Cambridge Analytica* en Russiese trof-fabriek\* wat met verkiesings lol, is dat selfs die oënskynlik tegnies vaardige generasies onder ons nie ten volle die kompleksiteit en tekortkominge van die sogenaamde aanlyn-gereedskap wat ons gebruik om in te weeg op publieke diskoers, verstaan nie. Die onpersoonlike aard van sosiale media verseker dat dit nie die dapperes en deugsames sal wees wat vooruitgang sal ervaar nie, maar eerder alliansies en trolgroepe – gereeld bestaande uit kunsmatige en anonieme rekeninge – wat die meeste aanlyn-verkeer in 'n gegewe periode kan genereer.

Reuse media-instellings doen daaglik verslag oor die onderliggende idees agter daardie verkeer, en daaruit spruit gevolgtrekkings oor die samelewing in die algemeen wat kykers, luisteraars en lesers verorber om op hul beurt weer hul slimfone op te tel om verontwaardiging uit te spreek – op sosiale netwerke, natuurlik. In wese stel hierdie reeks gebeurtenisse 'n positiewe terugvoerlus daar, met die herhalende uitwerking dat kragtige narratiewe – aanlyn en andersins – ontstaan wat moeilik deurdringbaar is met dialektiese analise, koelkop-gesprekke of selfs menslike empatie. Die moeilike taak om op konstruktiewe wyse in te weeg op hierdie narratief-gedrewe terugvoerlus, word verder vermoelik deur die voorspelbare ongewenste sosiale en professionele gevolge wat daarop jou wag sou jy sodanig bydra dat jy nie *alle* aspekte van 'n heersende narratief bloot beaam nie.

Die hardvotige implikasie van hierdie prentjie vir ons jeug is 'n begrip van die wêreld wat afgewater is tot oppervlakkige, vaal en verarmde narratiewe en stereotipes wat aan hutsmerke in die lug gehang word. Nuanse, gryns areas, empatie en kritiese analise is daarmee heen, maar ten minste kan ons daarop aanspraak maak dat ons steun bewys het ten opsigte van probleme wat ons skaars kon begryp – en derhalwe nooit oplos nie.

Die tragiese en ongeregverdigde polisie-moord van George Floyd in die VSA het met reg woede en pyn ontlok, maar was ook 'n snellergebeurtenis vir die neerslag van hernude kragtige narratiewe rondom sistemiese rassisme, wit oppermagtigheid en viktimisering van swartmense wêreldwyd. Deur daarna as “narratiewe” te verwys impliseer ek geensins dat gesprekke oor hierdie onderwerpe nie geldig kan wees nie, maar eerder dat hulle in heersende vorm glad nie gesprekke is om mee te begin nie. Instagram-blaaie oorval met swart vierkante en gepaardgaande hutsmerke om steun vir “swartmense wêreldwyd” te sein opper die vraag of ons eerlikwaar te werk gaan onder die veronderstelling dat ons sosiale media-platforms en die moeitewyde “plaas” of “twiet”-opsies wat hulle tot ons beskikking stel, werklik bydra tot 'n gesprek of oplossing van soorte.

Te midde van sleurstreamagtige narratiewe op sosiale netwerke, swig selfs gewoonweg belangeloses en veral afwykendes onder erge sosiale druk om in hul spoor te trap en tog iets beamend van aard te plaas. Dit is egter glad nie duidelik dat hierdie aanlynkultuur om onkrities hutsmerke en “stories” bymekaar te string en te plaas, werklik die doel dien om onreg akkuraat te identifiseer en effektief aan te spreek nie. Die fasade dat ons “bewusmaking bevorder” of “ingelig bly” opper weereens die vraag – waarom, nou eintlik? Gegewe die

enorme druk wanneer dit voel of die “hele wêreld” ons dophou op sosiale netwerke, en wat nog te sê van die ongenaakbare kansellasiekultuur, blyk dit ‘n geregverdigde afleiding te wees dat ons oor die algemeen op sosiale netwerke smous met vereenvoudigde-, halfgebakte- en inderdaad halwe waarhede – veronderstelde gegewes wat die wêreld móét hoor, maar wat in der waarheid nie veel meer vergestalt as die tipe ongenueanseerde stereotipes oor groepe, individue en die wêreld wat meganies uitgespoeg word wanneer duisende “plaas” of “twiet” druk sonder om onafhanklik en individueel kognitiewe funksies aan te wend nie.

Wat veronderstel dit oor ons jeug se potensiaal om grense te verskuif as die inhoud van ons openbare gesprek gegiet (en selektief genuilband) word deur die numeriese mate waarin sekere hutsmerke gerepliseer kan word – terloops meestal buite ons eie landsgrense?

Zaid Jilani, ‘n Pakistani-Amerikaanse Moslem, het onlangs geskryf dat alhoewel daar merkbare gevalle van diskriminasie en rassisme teenoor etniese minderhede in sy gemeenskap waargeneem kan word, die aanname dat etniese minderhede in die VSA “bloot deugsame slagoffers is wat in ‘n oseaan van wit oppermagtigheid op ‘n plank ronddryf” – soos onlangse hutsmerke ons klaarblyklik wysmaak – sy menswaardigheid aantas omdat dit hom van agentskap en verantwoordelik stroop. Die punt is hier nie die meriete van Jilani se stelling nie, maar eerder dat sy bydrae te genuanseerd, gebalanseerd en verdraagsaam teenoor veelvoudige beskouings is om die malende hutsmerkoorlog op sosiale netwerke te oorleef; dit sal nie ‘n prominente narratief pas of aan ‘n plofbare hutsmerk gehang kan word nie.

Die populisme en ekstremisme wat “hutsmerke” en gewilde idees op sosiale netwerke kan vergesel, het duidelik geblyk in Suid-Afrika se 2019-verkiesing. Sou die verkiesingsuitslae op Twitter-onderseuning vir politieke partye gebaseer word, sou die EFF die verkiesing wen. In werklikheid kon die EFF natuurlik net sowat 10%-steun bymekaarskraap. Verdeltende meningswisselings oor ras, rassisme en groepsidentiteit is die orde van die dag op Twitter, Facebook en Reddit, maar ‘n 2019-peiling deur Monementum onder ‘n verteenwoordigende groep Suid-Afrikaners dui daarop dat terwyl 72% van respondente beduie dat werkloosheid hul vernaamste bekommernis is en 41% korrupsie, “rassisme/diskriminasie” deur ‘n karige 4% as ‘n vernaamste bekommernis beskou word. Selfs paaie (10%) het hoër prioriteit onder respondente geniet.

‘n Moontlike verduideliking vir die oneweredige voorkoms van verdeltende ras-gedrewe retoriek op sosiale netwerke is dat hierdie netwerke sodanig ontwerp is dat moeilikheidmakers, aanhitters en smouse van ras-gebaseerde ideologie beloon word met volgelinge en ander interaksies wat dopamien aanwakker wanneer antieke stamgebonde breinprosesse wat die menslike brein vandag nog bybly, “ons-teen-hulle” reaksies onder waarnemers ontlok. Ongelukkig deurdring die aard van hierdie aanlyn oorloë ook die meer algemene nasionale diskoers wat jeugdige se benadering tot probleem-oplossing en samewerking in die toekoms sal giet.

Die ironie is dat sosiale media per slot van sake glad nie sosiaal van aard is nie. Wanneer ons in oënskyn neem dat omtrent helfte van die Twitter-rekeninge wat valshede oor die Koronavirus versprei geoutomatiseerde robotte is, en werklike persone gereeld agter anonieme profiele wegkruip terwyl hulle belaster en beledig op ‘n wyse wat hulle nooit in die publiek sou betaam nie, behoort ons werklik die konsep, “sosiaal”, aan ‘n netwerk soos

Twitter toe te skryf? Gegewe die wydverspreide psigiese verplettering van individue met die moed om met hul regte name tot meningswisselings op sosiale netwerke toe te tree, sowel as veral tieners se psigotiese soeke na oppervlakkige selfversekerdheid op platforms soos Instagram en TikTok, blyk sogenaamde “sosiale netwerke” geweldig anti-sosiaal te wees. Dit is g’n wonder nie dat vele studies reeds ‘n sterk verwantskap aantoon tussen gereelde sosiale media-gebruik en ‘n toename in blootstelling aan depressie, angs, eensaamheid, selfskadeaandoening en selfdoodgedagtes.

Sosiale netwerke het weliswaar vir miljoene blootstelling tot konsepte wat in hul lande gesensor word verbreed, vryheid van uitdrukking en kommunikasie bevorder, en selfs toegang tot onderrig vergemaklik. Hierdie prysenswaardige aspekte van sosiale netwerke kan behou word sonder dat ons langer die winsgewende, tog onbekostigbare meganismes aanvuur wat die openbare diskoers besoedel en tieners aanhits om vir ure aaneen hul selfbeeld gelyk te stel aan “hou van’s” en “volgelingen” terwyl hulle ook klakkeloos deur sinnelose inhoud rondkrap ten koste van psigiese gesondheid en produktiwiteit.

As ‘n vertrekpunt moet ons erken dat indien ons konstruktiewe gesprekke gaan hê, kwessies gaan bevorder en probleme gaan identifiseer en oplos – hetsy op persoonlike of samelewingsvlak – dit nie op sosiale netwerke gaan gebeur nie. Ons behoort slegs sosiale media te gebruik om werklike gesprekke, werklike verhoudings en werklike regte-wêreldse pogings aan te wakker en daarop voort te bou – en nie laasgenoemdes te vervang nie. Gelukkig bewys die bestaan van potgooie, webinarre en ander langer-vorm digitale media dat implisiet in die wegdoening met sosiale netwerke nie die veronderstelling gesetel is dat ons moet terugkeer na minder moderne vorme van kommunikasie nie; ons sal moet onderskei tussen enersyds moderne digitale geleenthede, en andersyds anti-sosiale platforme wat weens die ontwerp daarvan verdoem is om simplistiese stereotipes te laat uitbroei.

Indien ons die denkleiers wil word wat die toekoms sal kan red, sal ons eers moet wegdoen met sosiale netwerke en blitsvinnig die oppervlakkige oorloë, wanvoorstellings en stereotipes wat hulle stimuleer, agter moet laat. Vereenvoudigde narratiewe en stereotipes oor wie ons en sogenaamde belangegroeppe onder ons is sal nie die potensiaal van die jeug om samewerkend sukses te bereik, bevorder nie maar dit trouens selfs onbepaald verwoes.

***\*Tian Alberts is redakteur van Nova Mentis en ‘n nagraadse LLB-student aan die Universiteit Stellenbosch.***

- *'n Trolplaas of trolfabriek is 'n geïnstitusioneerde groep internet-trolle (soms deur regerings ingespan) wat daarop ingestel is om met politieke menings en besluitneming in te meng.*